W A LANDMAN EN M E J VAN ZYL
INLEIDING TOT 'N UITLEG VAN PROTESTANTWEES EN DIE BETEKENIS DAARVAN BY DIE OPVOEDERLIKE INHOUDGEWING

Universiteit van Pretoria, Pedagogiekstudies nr 80. Pretoria 1975.

Met hierdie werk word 'n (hermeneutiese) ondersoek beoog na die Protestants-Christelike lewensopvatting en die betekenis daarvan vir die opvoeding. Soos die titel aandui, en soos ook van 'n werk van slegs 127 bladsye verwag kan word, bied dit eintlik net 'n inleiding tot so 'n ondersoek, of eintlik word slegs sekere aspekte van die onderwerp behandel, veral aspekte wat die verhouding tussen lewensopvatting en geskiedenis raak. Daar word aandag gegee aan die historisitiet van die lewensopvatting, in besonder die Protestants-Christelike, en aan die Protestants-Christelike siening van die sin van die geskiedenis of eintlik hoofsaaklik die Protestantse siening van die verhouding tussen God en geskiedenis. Hierdie onderwerpe word deur mev. Van Zyl behandel in die grootste gedeelte van die boek (en dit is daarom vreemd dat sy nie as eerste skrywer vermeld word nie), terwyl prof W A Landman in 'n inleidende en 'n slothoofstuk oor die begrippe lewensopvatting, hermentiek en hermeneutiese bewussyn handel asook oor ideologiekritiek, onderwerpe wat eintlik weer inleidend tot hierdie inleiding is. Hoewel al die onderwerpe wat in die boek aangeraak word, dus wel met mekaar saamhang, dek die werk tog geensins 'n duidelik afgebakende terrein nie en vorm dit nie 'n baie afgeronde geheel nie.

Die werk van Landman en Van Zyl en is in die eerste plek 'n wysgerige werk en raak in besonder die filosofie van die geskiedenis en van die opvoeding. Dit is duidelik binne die kader van 'n bepaalde denktradisie geskryf, naamlik die van die fenomenologiese denke wat ook in baie ander publikasies van hierdie reeks na vore kom. Die boek is nie in 'n baie eenvoudige taal geskryf nie en die terme wat eie is aan (of 'n bepaalde konnontasie gekry het in) die fenomenologiese denkrigting word voortdurend gebruik. Dit is daarom moeilik begrypbaar vir mense wat nie met die taal en metode van die fenomenologie vertroud is nie.

Dit lyk dan ook of die waarde van die werk in die eerste plek daarin geleë is dat dit 'n verdere uitbouing van die wysgerig grondslae van die fenomenologiese opvoedkunde bring. Vir wetenskaplikes met ander uitgangspunte en ander metodes het die boek feitlik nie baie te bied nie. Denkers in Protestants-Christelike kring sal seker almal instem met baie wat daar oor die verhouding tussen lewensopvatting en opvoeding en oor God in die geskiedenis gesê word, hoewel die werk wat dit betref weer nie veel nuuts vir hulle te sê sal hê nie. Tog toon mev van Zyl 'n eie oorspronklike siening wat gegrond is op studie van heelwat moderne denkers oor die geskiedenis, veral ook van Christelike denkers. Sy gee beslis nie net 'n weergawe van ander se beskouinge nie, maar kom deur kritiese studie van hulle werke tot 'n eie beskouing oor, onder meer, die aard van die Protestants-Christelike lewensopvatting teenoor die Rooms-Katolieke opvatting (hoewel sy nie die lewensbekoulike verskille tussen Protestante onderling belig nie) en die verhouding tussen God en geskiedenis. Daarom verteenwoordig die boek tog 'n eie bydrae tot, in besonder, die geskiedfilosofie, wat met vrug deur almal wat in wysgerige besinning op die geskiedenis belangstel gelees kan word.

— P d K